



Hoërskool

LADYSMITH

High School

Posbus 33 / P O Box 33
LADYSMITH
KwaZulu-Natal
3370

Telefoon : (036) 637-7091/2
Telephone : (036) 637-2221/2

Faks/Fax : (036) 637-2531
E-mail : info@lhs.co.za
Website : lhs.co.za

5 Desember 2016

Geagte Ouer

Hierdie brief bevat **belangrike** inligting. U moet dit asseblief noukeurig lees!

1. **SKOOLGELD**

Tydens die algemene jaarvergadering van ouers wat op Maandag, 28 November 2016 plaasgevind het, is LHS se skoolgeld vir die jaar 2017 op R10 000 per leerder goedgekeur en vasgestel. Baie min **vergelykbare** hoërskole landswyd sal dieselfde of minder skoolgeld vra. As gevolg van die positiewe gesindheid van ons ouers, is die begrote bedrag vir 2016 skoolgeld, bykans in totaal ingevorder.

Die volgende resolusie is tydens die jaarvergadering deur ons ouers aanvaar:

- 1.1 Dat die skoolgeld vir 2017 op R10 000 per leerder vasgestel is.
- 1.2 Dat die skoolgeld volledig voor die einde van Maart 2017 betaal moet wees. (Hiervoor word 'n korting van R500 per leerder aangebied.
- 1.3 Indien die betaling nie teen die einde van Maart moontlik is nie, kan die skoolgeld as 'n vergunning in **10** gelyke paaiemente van R1 000 op die laaste werksdag van elke maand vanaf 31 Januarie tot 31 Oktober betaal word. **Hierdie vergunning sal outomaties verval as 'n betaling nie op die voorgeskrewe betaaldatum gemaak word nie en die volle uitstaande balans sal dan onmiddellik betaalbaar wees.**
- 1.4 Dat ouers, bo en behalwe die skoolgeld, ook verantwoordelik sal wees vir die aankoop van voorgeskrewe boeke en skryfbehoeftes soos benodig.
- 1.5 Ouers wat die verpligte skoolgeld hoegenaamd nie kan bekostig nie, kan die voorgeskrewe vorms (wat by die skool beskikbaar is) voltooi, om sodoende vir **gedeeltelike** of **totale** subsidiëring van skoolgeld aansoek te doen. Verskeie ouers word op hierdie wyse gehelp. **Hierdie aansoeke moet voor die einde van Februarie 2017 gerig word.**

- 1.6 Die Beheerliggaam het besluit dat elke ouer sover moontlik van 'n **aftrekorderstelsel** vir die maandelikse betaling van skoolgeld, of van internetbetalings gebruik moet maak. Op hierdie wyse **vergeet ouers nie** hiervan nie en hoef kinders nie geld skool toe te bring nie.

Hoërskool Ladysmith het die betaling van skoolgeld ook nog verder vergemaklik. Die skoolbeheerliggaam het 'n kaartmasjien in gebruik te neem. Met dié stelsel hoef ouers nie meer met groot bedrae geld skool toe te kom nie. Betaling kan nou met 'n kaart plaasvind en daar is voorsiening gemaak vir krediet- en debietkaarte. Ons sal egter verkies dat daar van 'n debietorder of elektroniese oorbetaling (EFT) gebruik gemaak word om sodoende op bankkoste te bespaar.

- 1.7 Die Beheerliggaam het ook besluit dat leerders weer vanjaar **twee riem afrolpapier** (dit wil sê 'n pak van 500 met 80 gram papier) per gesin aan die skool moet skenk. Leerders kan die afrolpapier vanaf die eerste skooldag by registeronderwysers inlewer, wat die ontvangs daarvan sal aanteken.
- 1.8 Alle **nuwe** ouers moet 'n **eenmalige** betaling van R200 **per gesin** ten bate van die rekenaarfonds maak.

2. DIE GEDRAGSKODE EN ALGEMENE VOORKOMS VAN LEERDERS

Artikel 8(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet verplig leerders om elke bepaling van die gedragskode na te kom. Behalwe dat ouers hul kinders gereeld moet aanmoedig om hulle by die gedragskode te hou, word u ondersteuning in die besonder ten opsigte van die volgende bepalings gevra:

- 2.1 Aan die begin van elke skooljaar daag 'n paar leerders met **gekleurde** hare of **uitheemse haarstyle** by die skool op – en elke jaar lei dit tot onnodige konflik. As enkeles dit mag doen, mag almal dit mos doen - en dit kan nie. Moet dus asseblief nie u kind met só 'n voorkoms op Woensdag, 11 Januarie 2017, skool toe stuur nie. Indien 50% plus een van die onderwysers wat vanjaar vir die leerder skoolgehou het, bevestig dat die hare **wel gekleur of onaanvaarbaar is**, sal die leerder se ouers gevra word om hul kind te kom haal om sodoende die nodige regstelling te doen. Hierdie waarskuwing is ook tydens die laaste saalbyeenkoms aan al die leerders gerig.
- 2.2 Leerders mag slegs die voorgeskrewe skoolskoene dra. Koop dus asseblief **eers skoolskoene** voordat duurder modieuse skoene vir sosiale gebruik aangeskaf word. Die dra van seilskoene en/of "suede"-skoene word nie toegelaat nie.
- 2.3 Daar is voorgeskrewe reëls vir die dra van langbroeke vir veral seuns. Die broeke moet die regte lengte en wydte wees. Geen nuwe of modieuse style sal toegelaat word nie.

3. **SKOOLBOEKE 2017**

Die ouers het tydens die algemene jaarvergadering besluit dat die aankoop van skoolboeke, elke ouer se verantwoordelikheid is. **NB. Waar die staat wel in 'n bepaalde graad 'n finansiële bydrae vir boeke maak, sal hierdie geld steeds tot die uitsluitlike voordeel van al die leerders aangewend word.** Elke leerder het 'n lys ontvang van handboeke en skryfbehoeftes wat benodig word vir 2017. Moedig asseblief u kind(ers) aan om die boeke vroeg in die nuwe jaar te bekom. Ons sal daarna streef om binne die eerste paar skooldae in Januarie die leerders te help wat nog nie handboeke het nie. Enige nuwe voorgeskrewe handboeke (dié wat dus nie tans in die skool in omloop is nie) sal deur die skool bestel word en vakonderwysers sal hulle in die spesifieke klasse aan leerders verkoop of uitgee vir die jaar teen 'n nie-terugbetaalbare deposito. **Handboeke bly die leerder se verantwoordelikheid.** As die leerder nie die voorgeskrewe handboek **en** ander skryfbehoeftes en leermateriaal op 'n bepaalde dag in besit het nie, sal so 'n leerder **nie** in daardie spesifieke klaskamer toegelaat word nie. Leerders sal nie hierdie benodighede van ander leerders **leen** nie. Eiendom moet asseblief **duidelik** gemerk wees. Indien leerders hul boeke goed oppas, sal goeie pryse aan die einde van die jaar daarvoor behaal word. Natuurlik kan ouers wat werklik nie 'n boek of boeke kan bekostig nie en **wat ook vir subsidiëring van skoolgeld kwalifiseer**, met bewys hiervan, om finansiële hulp by die skool kan aansoek doen. Geen leerder sal om finansiële redes van die gebruik van boeke uitgesluit word nie. Ons sal ook die inneem van boeke, wat aan die skool behoort, aan die einde van elke jaar streng toepas.

4. Ons nooi u uit om enige skoolaangeleentheid rakende u kind met die skool te kom bespreek. Volg die regte kanale deur dit eers met die graadhoof te bespreek wat dit weer op hul beurt onder die hoof se aandag sal bring.
5. Besoek gerus die skool se webwerf vir die nuutste nuus rakende die skool. (lhs.co.za)

Langs hierdie weg spreek ek opregte dank teenoor u as ouer uit vir u primêre bydrae in die opvoeding van u kind, vir u betrokkenheid by u kind se skoollewe en vir u ondersteuning van die skool – alles bydraende faktore wat verseker dat LHS 'n wenskool is en sal bly.

Ten slotte is dit my aangename voorreg om u al die seën en liefde van Kersfees toe te wens en mag u rigsnoere vanaf 1 Januarie 2017, meer as ooit tevore, langs lieflike weë val! Die nuwe skooljaar begin op 11 Januarie 2017.

Hartlike LHS-groete!

JC PIETERSE
SKOOLHOOF

